

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 52: Va'yelech – En Mosheh Het Gegaan

Mosheh het gegaan en hierdie woorde met die hele Yisra'el gedeel. Deut. 31:1¹

Torah : Deut. 31:1 tot 30

Haftorah: Jes. 55:6 tot 56:8

Nuwe Verbond: 2 Thess. 2:3, 10 tot 12; 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 4:3 en 4; 2 Peter 2:1 tot 3; Hand. 7:51 tot 60; Rom. 8:31 en 37; Efes 6:10; Fil. 4:13; 1 Pet. 5:10; Fil. 1:1 tot 2:30.

Vorige notas vir Parashah 52 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

It is no sin to doubt some things but it may be fatal to believe everything – A.W. Tozer.

They gave our Master a crown of thorns. Why do we hope for a crown of roses? – Martin Luther

Cheap grace is the grace we bestow on ourselves. Cheap grace is the preaching of forgiveness without requiring repentance – Dietrich Bonhoeffer.

In ordinary life we hardly realize that we receive a great deal more than we give, and that it is only with gratitude that life becomes rich – Dietrich Bonhoeffer.

Torah Bespreking

Hersiening

Va'yelech se openingswoorde is gekoppel aan die voorafgaande gebeure, en veral aan die laaste verse van verlede week se Torahskriflesing, naamlik Deut. 30:19-20:

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

19 Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag,

20 deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloop het om dit aan hulle te gee.”

Mosheh se boodskap aan die volk was om lewe te kies sodat hulle kan woon in die land wat יהוה aan hulle vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloop het om dit aan hulle te gee.

Vandag weet ons dat om lewe te kies, is om deur vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een al die onderrig en instruksies van יהוה, Sy Torah, nougeset te gehoorsaam, want dan sal ons in Vader se Teenwoordigheid kan staan en sal ons in die einde van dae staande bly! Alleenlik dan sal ons die Koninkryk van God in besit kan neem!

Hierdie week se Torahskriflesing is gevul met gemengde emosie! Aan die een kant is Mosheh hartseer, want die tyd van afskeid het aangebreek. Sy hartseer is nie net die feit dat hy afskeid moet neem van die volk wat hy uit Mitzrayim (Egipte) en deur die wildernis gelei het nie, maar hy is ook hartseer dat hy nie saam met hulle die Beloofde Land in besit kan neem nie.

By Yisra'el was daar die hartseer van afskeid teenwoordig, asook die onsekerheid omrede dit nie Mosheh sou wees wat hulle in die Beloofde Land sou inlei nie, maar wel Y'hoshua, 'n man in wie die Gees is (Num. 27:18)! Maar dit sou tot Yisra'el se voordeel wees, want יהוה het elke Yisra'eliet die geleentheid gebied om nou 'n 'Mosheh' te wees deur selfstandig voort te bou op dit wat hy hulle geleer het. Is dit nie wat Yeshua ook aan Sy studentevolgelinge gesê het nie?

12 Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie in My vertrou, die dae wat Ek gedoen het, sal hy ook doen en hy sal groter dae doen as dit omdat Ek na My Vader toe sal gaan.

13 Enige iets wat julle ook al in My Karakter en Outoriteit mag vra, dit sal Ek doen sodat die Vader in die Seun vereer en geloof kan word.

14 As julle iets in My Karakter en Outoriteit vra, sal Ek dit doen.

15 As julle My lief het, voer voortdurend My opdragte uit. Joh. 14:12-15.

Mosheh, die volk van יהוה se persoonlike gids, sal nie saam met hulle die Beloofde Land in besit neem nie, maar Y'hoshua en die gees van Mosheh soos deur יהוה se onderrig en instruksies aan hulle prakties gedemonstreer was, sal altyd saam met hulle wees.

Yeshua het ons ook nie as weeskinders agtergelaat nie, maar die Afgesonderde Gees het gekom om ons te bemagtig om die hande, voete en lippe van Yeshua te wees. Die Afgesonderde Gees is ons Bevryder en Lewegewer (Trooster), ons krag tot gehoorsaamheid aan Vader se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is.

Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid. Joh. 14:16.

Ons leef ook in die dae van gemengde emosie en onsekerheid, maar tog ook met 'n versekerde verwagting van Yeshua se wederkoms. Deur vertrou en gehoorsaamheid sal ons ook ons Beloofde Land, die Koninkryk van God, in besit neem deur die vyand, die mag van sonde, te oorwin!

Soos Y'hoshua die opvolger van Mosheh was en sy werk voortgesit het, so moet ons die opvolgers (navolgers) van Yeshua wees en voortgaan om die Koninkryk van die hemel in besit te neem!

Die Wildernis En Die Beloofde Land

יהוה het aan Avraham en sy nageslag (Yisra'el) die landstreek Kena'an beloof – 'n land wat oorloop van melk en heuning (Gen. 15:18 tot 21; Ex. 3:8 en 17). Die voorwaarde van die belofte was dat Yisra'el in alle opsigte aan יהוה gehoorsaam moet wees.

⁷ Toe het Mosheh na Y'hoshua geroep en vir hom voor die oë van die hele Yisra'el gesê: “Wees onveranderlik sterk en dapper, want jy sal saam met hierdie volk in die land ingaan, wat יהוה aan hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee en jy sal dit vir hulle gee as 'n erfenis.

⁸ יהוה is die Een wat voor jou uitgaan; Hy sal by jou wees; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Moenie bang of ontmoedig wees nie.” Deut. 31:7-8

Indien Yisra'el יהוה se Torah, naamlik Sy onderrig en instruksies, nougeset en ywerig onderhou, sal hulle die land in besit neem deurdat יהוה Yisra'el se vyande voor hulle uit sou dryf. יהוה is die Een wat voor jou uitgaan; Hy sal by jou wees; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Moenie bang of ontmoedig wees nie.

Maar Yisra'el het egter weens hulle sonde vir bykans 40 jaar in die wildernis geswerf, omdat hulle na Egipte verlang het (Num. 14:2). Hulle was uit Mitzrayim, maar Mitzrayim was nie uit hulle nie. Tweedens het Yisra'el die tien verkenners geglo en nie vir יהוה en sy beloftes nie (Num. 13:26 tot 33). Die gevolglike swerftog was om hulle te verootmoedig – nederig te maak – en te beproef sodat יהוה aan hulle goed kan doen (Deut. 8:16).

As deelgenote van die nuwe verbond begaan ons ook dikwels dieselfde oortredinge as Yisra'el van ouds. Ons “verlang” ook dikwels na die Mitzrayim van sonde, omdat die sonde nog 'n houvas op ons het. Tweedens ontbreek die vertrouwe dikwels om die Beloofde land, naamlik יהוה se Koninkryk, in besit te neem! Daarom beleef ons ook 'n wilderniservaring om ons te verootmoedig.

Maar ons moet onthou dat die wildernis (probleme en beproewinge) is die plek waar die eie-ek sterf en waar vertrouwe en afhanklikheid van יהוה gevorm word. Die wildernis maak skeiding tussen die wat in die vlees lewe en die wat deur die krag van die Afgesonderde Gees lewe. Die beproewinge in die wildernis stroop elkeen van die eie-ek en verander die wat God met volle oorgawe wil dien om gelykvormig aan Yeshua te word (Rom. 8:29). Elkeen se ware karakter kom na vore tydens beproewinge en versoekinge en dit is die tyd wat ons onself leer ken. Die wildernis is die plek waar God ons toets. God ken die uitslag, maar ons moet dit self ervaar.

Die smeltkroes is vir silwer en die oond vir goud, maar יהוה toets die binneste. Spr. 17:3.

Tydens ons wildernistog word ons onderwerp aan beproewinge en versoekinge sodat die egtheid van ons vertrouwe, wat baie kosbaarder is as fyn goud, wat vergaan, maar deur vuur gesuiwer word, bevind mag word as prysenswaardig, kosbaar en tot eer, lof en grootheid by die openbaring van Yeshua, dié Gesalfde Een (1Pet. 1:6-7).

Die wildernis is die plek waar jy wel jouself voor Vader-God verootmoedig en ondersoek om seker te maak dat jy al die voorwaardes van die nuwe verbond nakom, naamlik liefde, gehoorsaamheid en vertrouwe in יהוה as jou voorsiener. Alleenlik dan sal jy die Koninkryk van God in besit kan neem, want יהוה is die Een wat voor jou sal uitgaan! Hy sal by jou wees; Hy

sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Dan hoef jy nooit bang of ontmoedig te wees nie!

Die vraag is egter: Is jy bereid om יהוה selfs in jou wilderniservaring getrou te volg? Is jy bereid om jouself te verootmoedig en יהוה se aangesig te soek met die doel dat Hy jou eers verander sodat jy gereed kan wees om die beloftes en seëninge in besit te neem?

Vader-God se doel en wil vir jou en my is om die ‘beloofde land’ in besit te neem. Onthou egter dat dit beter is om in die wildernis saam met יהוה te bly as in die “beloofde land” sonder Hom. In ons ywer om die Koninkryk van God in besit neem moet ons seker maak dat יהוה saam met ons gaan en dat ons bevelvoerder Yeshua is!

Ons moet ook nie hierdie woorde van Mosheh aan Yisra’el vergeet nie:

Wees sterk en dapper; moenie vir hulle bang wees of bewe nie, want יהוה, jou God, is die Een wat saam met jou gaan; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Deut. 31:6.

Mosheh herinner Yisra’el om nie soos hulle ouers te huiwer om die Beloofde Land in besit te neem nie. Hy gee Yisra’el die versekering dat hulle niks het om te vrees indien hulle יהוה met hulle hele wese liefhet en Sy Torah onderhou nie, “want יהוה, jou God, is ‘n Magtige God wat omgee; Hy sal jou nie in die steek laat, jou nie vernietig nie en Hy sal die verbond met jou vaders, wat Hy aan hulle gesweer het, nie vergeet nie” (Deut 4:31).

Ons moet nie dieselfde foute as ons voorouers maak nie, want ons het die geleentheid om deur vertroue in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah die Koninkryk en die beloftes in besit te neem!

³¹ Wat sal ons daarom van hierdie dinge sê? As God v^{ir} ons is, wie is teen ons?

³² As Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom, in plaas van ons almal, oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ook vir ons alles gee nie? Rom. 8:31-32.

Vader-God sal saam met elkeen gaan wat na die stem van Yeshua luister en gaan om die Koninkryk in besit te neem. Hy sal ons nie in die steek laat of ons verlaat nie!! Hy sal ons vyande voor ons uitdryf. Dit sal nie deur krag of deur geweld wees nie, maar deur die Afgesonderde Gees van יהוה (Sag. 4:6).

Bepeins of Bespreek

1. Die geslag wat in Mitzrayim in vertroue die lam geslag en die bloed aan die deurkosyne gesmeer het, het in die wildernis gesterf en het dus nie die Beloofde Land in besit geneem nie! Dien hierdie as ‘n waarskuwing vir ons gesien in die lig van Yeshua se woorde in Matt. 7:13 tot 23, veral verse 21 tot 23? Is hierdie bevestiging dat redding vereis vertroue in Yeshua as die Lam van God tesame met gehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies soos in Yeshua vervolmaak is? Bepeins of bespreek dit in die lig van Jak. 2:14-26 – die nutteloosheid van vertroue sonder werke! Vergelyk dit ook met gelykenis van die vyf verstandige en die vyf onverstandige maagde (Matt. 25:1-13).

Haftorah Bespreking (Jes. 55:6 tot 56:8)

Draai Terug Na יהוה

Omrede ons in die einde van dae lewe, spreek die woorde van die profeet Yesha’yahu ook tot elke mens, naamlik:

⁶ Soek יהוה terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is.

⁷ Laat die wettelose sy pad verlaat en die onopregte en partydige sy gedagtes en laat hom terugdraai na יהוה en Hy sal vir hom omgee; na ons God, want Hy sal oorvloedig vryspreek. Jes. 55:6 en 7.

Yesha'yahu se woorde herinner ons aan wat A.W. Tozer gesê het: "In every generation the number of the righteous is small. Be sure you are among them".

Daarom moet elkeen יהוה soek terwyl Hy nog te vinde is en moet die wettelose – die oortreder van Torah – terugdraai tot die weg van Torahgehoorsaamheid! Dit is ware bekering!

Ons leef in 'n tyd waar die Christendom hoegenaamd geen begrip het nie van wat ware bekering behels? Die rede hiervoor is dat die kerk nie werklik 'n onderskeid maak tussen vertrou en bekering nie! En tog stel die Skrifte dit baie duidelik dat bekering, saam met vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een, die hart van die evangelie uitmaak. Ons redding behels vertrou en bekering tot Torahgehoorsaamheid soos dit in Yeshua vervolmaak is! Dit is om lewe te kies! Dit is om God te soek terwyl hy nog te vinde en naby is!

Vertrou tot wedergeboorte is om vergifnis van sonde te ontvang deur die versoeningsoffer van Yeshua. Bekering is die wegdraai van sonde en die terugkeer tot 'n leefwyse van gehoorsaamheid aan יהוה. Vertrou en bekering is dus die mens se reaksie op die onverdiende guns van יהוה in Yeshua as dié Gesalfde van God. Deur vertrou word elkeen gered en deur bekering word elkeen afgesonder en geseën.

Deur wedergeboorte word jy 'n kind van Vader-God en deel van die verbond van die belofte (Efes. 2:11-13). 'n Lewe van oorwinning en oorvloed (Joh. 10:10b) kom egter alleenlik deur Torahgehoorsaamheid. Die Afgesonderde Gees is ons hulp – die Een wat ons leer, lei en die krag gee om die vlees te oorwin en 'n afgesonderde en rein lewe te leef as onpartydig en opreg in Yeshua.

Talle glo dat Yeshua dié Gesalfde Een is – die Lam wat vir ons sondes gesterf het. Dit beteken egter nie dat almal hulle bekeer het nie. Bekering word saamgevat in die woorde van Shim'on (Petrus) op die eerste Shavuot na Yeshua se hemelvaart, toe hy vir die Joodse manne en almal wat in Yerushalayim bly, gesê het:

Draai weg van julle sondes na God toe en laat elkeen van julle gedoop word in die Karakter en Outoriteit (Naam) van Die Meester, Yeshua, tot bevryding van sondes sodat julle die geskenk van die Gees wat Afgesonderd is kan ontvang. Hand. 2:37.

Bekering is dus om weg te draai van sonde, naamlik die oortreding van יהוה se Torah. Dit is om terug te draai om God in Gees en waarheid te dien (Joh. 4:24). Dit was ook die boodskap van die profete van ouds.

Tog het יהוה Yisra'el en Y'hudah gewaarsku deur al Sy profete en elke siener en gesê: "Draai weg van julle bose dade en onderhou My opdragte, My instellings, volgens die hele wet wat Ek julle vaders beveel het en wat Ek vir julle gestuur het deur My diensknegte, die profete." 2 Kon.17:13.

Soos Yisra'el van ouds is ons in ballingskap weens ons sondes van rebellie teen יהוה se wet. Ons het bannelinge in ons eie land geword!! Die geskiedenis van Yisra'el is getuigenis dat ware bekering nie net bevryding van ballingskap tot gevolg gehad het nie, maar ook die waarborg was van יהוה se oorvloedige seën. Telkens wanneer Yisra'el teruggedraai het na יהוה

en gehoor gegee het aan Sy onderrig en instruksies – Sy wet (Sy Torah) – het hulle weer al die seëninge van God en Vader deelagtig geword.

4 Wanneer hulle egter in hul benoudheid tot יהוה, die God van Yisra'el, gebid en Hom gesoek het, het Hy Hom deur hulle laat vind.

5 In daardie vroeëre tye toe ons nie ons God gedien het nie, was daar geen vrede vir hom wat uit- of ingegaan het nie, as gevolg van groot teëspoed wat oor al die inwoners van die land gekom het

6 en ons is verstrooi onder elke nasie en volk en dorpe en stede.

7 Omdat ons ons God verlaat het en nie wou luister na die stem van Sy diensknegte, die profete nie, is ons daarom beloon volgens ons dade.” 2 Kron. 15:4-7.

Telkens wanneer Yisra'el berou gekry het en hulle bekeer het, naamlik teruggedraai het om volgens Torah te lewe, het יהוה hulle genadig gewees en hulle van onheil bewaar.

7 As ek skielik sou praat van 'n nasie of 'n koninkryk om dit te ontwortel, af te breek of te vernietig;

8 as dié nasie waarteen Ek gepraat het, wegdraai van hulle boosheid af, sal Ek die boosheid wat Ek teen hulle beplan het, wegdraai;

9 of in 'n ander oomblik sal Ek praat oor 'n nasie of oor 'n koninkryk om dit op te bou of te plant;

10 as dit doen wat verkeerd is in My oë deur nie My stem te gehoorsaam nie, dan sal Ek van gedagte verander oor die goeie waarmee Ek belowe het om dit te seën.

Jer.18:7-10.

Die probleem met Yisra'el was dus nie hul ongeloof nie. Nee, hulle het steeds vertrou in die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'acov en in dié Gesalfde Een wat sou kom! Hulle sonde was nie ongeloof nie, maar wel ongehoorsaamheid. Die probleem was dat hulle יהוה se Torah versaak het. Dit was die rede hoekom יהוה Sy seëninge van Yisra'el weerhou het, hoekom hulle vyande hulle verslaan het en hoekom hulle in ballingskap weggevoer was!!

Onthou: יהוה het van die begin af aan sy volk, en dit sluit ons in, die keuse gegee tussen die seëninge van gehoorsaamheid aan Sy Torah en van die vloeke van ongehoorsaamheid:

1 Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, יהוה, jou God, jou sal oplik bo al die nasies van die aarde.

2 Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam: Deut. 28:1 en 2.

15 Dit sal egter gebeur as jy יהוה, jou God, nie gehoorsaam nie, nie al Sy opdragte hou en Sy reëls doen, wat ek jou vandag beveel nie, al hierdie vloeke oor jou sal kom en jou oorweldig: Deut. 28:15.

Dit was nie voldoende vir Yisra'el om net vertrou in יהוה te hê nie. Nee, hulle vertrou moes met bekering, naamlik gehoorsaamheid aan Torah, gepaard gegaan het alvorens hulle deur יהוה oorvloedig geseën was.

Om יהוה te soek terwyl Hy nog te vinde is, is om Sy Torah te soek en dit te bewaar met die doel om alles daarin te doen. Dit is die les wat die geskiedenis van Yisra'el ons leer en ons behoort in hierdie tye waarin ons leef dit ernstig ter harte neem!! Ons vertrou in Yeshua as dié Gesalfde van God moet opgevolg word deur gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is!

Yesha'yahu herinner ons ook aan die feit dat יהוה 'n waarmaker van Sy Woord is:

10 want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter, nie,

11 so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie, Jes. 55:10-11.

Alles wat יהוה gespreek het sal waar word, want Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8) en by wie daar geen skaduwee van omkering is nie (Jak. 1:17). Daarom moet ons onthou dat יהוה ewe getrou is aan Sy seëninge as aan Sy vloeke (oordele). יהוה is 'n God van liefde, maar ook van oordeel. Die geskiedenis van Yisra'el bewys dit! יהוה se oordeel (vloeke) is nie onder die nuwe verbond opgehef nie!

Laastens herinner Yesha'yahu ons aan die beloftes vir diegene wat die Shabbat gedenk en dit afsonder.

1 So sê יהוה: “Bewaar die regverdige oordeel en doen onpartydige opregtheid, want My verlossing is op die punt om te kom en My onpartydige opregtheid om geopenbaar te word.

2 Hoe geseënd is die mens wat dit doen en die seun van 'n mens wat onveranderlik daaraan vashou, wat hom daarvan weerhou om die Shabbat te onteer en sy hand weerhou daarvan om boosheid te doen.” Jes. 56:1-2.

In die Afrikaanse 1953 vertaling lees vers 2 soos volg: “Welgeluksalig is die mens wat dit doen en die mensekind wat daaraan vashou...”

Wil jy wel, gelukkig en salig wees, naamlik geseënd wees? Gedenk dan die Shabbat!! Dit is om יהוה te soek terwyl Hy te vinde is! Dit is om lewe te kies!

Psalm 1:1-3 beskryf ook wat jy moet doen om 'n welgeluksalige (geseënde; gelukkige) lewe te hê, naamlik:

1 Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgewing van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie,

2 maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag.

3 Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig,

Wel beteken dit gaan goed, asook dat jy goeie gesondheid ondervind. *Gelukkig* is 'n gemoedstoestand van vreugde en blydschap, terwyl *salig* beteken om gered en om geseënd te wees en om voorspoed te beleef. Om welgeluksalig te wees beteken dus dat dit goed met jou gaan, want jy geniet goeie gesondheid en is gelukkig, asook gered, geseënd en voorspoedig. Welgeluksalig beteken om in 'n benydenswaardige posisie te wees. Die onderhouding van Shabbat is deel van 'n welgeluksalige (geseënde) lewe!

Om welgeluksalig te wees moet jy drie dinge nie doen nie (Ps. 1:1). Eerstens moet jy nie na die raad van die wetsoortreders luister nie. Nee, jy moet die raad van יהוה volg en dit in jou lewe toepas. יהוה se raad (advies, doel) word in Sy wet, die Torah, uiteengesit en is Vader se liefdevolle onderrig in onpartydige opregtheid. Moet dus nie die raad van diegene volg wat יהוה se Torah verwerp het nie!!

Tweedens moet jy nie die pad saam met die sondaars loop nie. Sonde is wetteloosheid, naamlik oortreding van Torah (1Joh. 3:4 en 5:17). Om nie die pad saam met sondaars te loop nie, beteken om nie deel te hê aan sonde nie, maar om afsondering na te streef (1 Pet. 1:15-16). Gehoorsaamheid aan Torah is die leefwyse van elkeen wat deur vertrouwe onpartydig en opreg verklaar is en is die pad van afsondering. Ongehoorsaamheid aan Torah is die weg van die sondaar.

Laastens moet jy nie met יהוה die Almagtige spot nie. Hoe spot jy met יהוה? Indien jy die Woorde van Torah verontagsaam of enige deel daarvan, verhef jy jouself bokant יהוה en word jy 'n spotter van Hom. יהוה jou God is jou Hemelse Vader en om Sy "huisreels" te oortree is om die spot te dryf. Sal jy met jou aardse vader die spot dryf? Yeshua dié Gesalfde Een is die Lewende Torah – die Woorde van יהוה wat vlees geword het. Om enige deel van hierdie lewende Woord van יהוה te verwerp, is om Yeshua te verwerp en 'n spotter te wees, want jy verhef jouself bokant hierdie Woord.

Weiering om Shabbat te gedenk en dit af te sonder, is om 'n spotter van יהוה te wees!

Dan is daar een baie belangrike ding wat jy moet doen om welgeluksalig te wees, en dit is om jou behae in die Torah (die wet) van יהוה te vind en dit dag en nag te oordink (Ps. 1:2). In hierdie verband verwys die Torah van יהוה nie net na die tien gebooie nie, maar na al die onderrig en instruksies soos in die Skrifte vervat is. יהוה se Torah moet vir jou 'n 24 uur per dag vreugde en begeerte wees. Dit is om jou behae in al יהוה se onderrig en instruksies te vind soos dit in Yeshua vervolmaak is en om dit in jou lewe toe te pas.

Daarom was die opdrag ook aan Y'hoshua gewees:

Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê. Jos. 1:8.

Ons moet nie net 'n hoorder van Torah wees nie, maar ook 'n dader daarvan. Hoor sonder doen is om jouself te mislei!

22 Wees 'n doener van die boodskap en nie net 'n hoorder wat jouself mislei nie,
 23 want as iemand 'n hoorder van die boodskap is en nie 'n doener nie, is hy soos 'n man wat sy gesig in 'n spieël sien,
 24 want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het,
 25 maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet van vryheid en daarin volhard omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n doener van die daed, sal geseënd wees in wat hy doen. Jak. 1:22-25.

Bepeins of Bespreek

1. Wanneer sal יהוה nie meer te vinde wees nie en wanneer sal Hy nie meer naby wees om te hoor as ons roep nie? Dit sal wees wanneer die fisiese dood intree. In die graf is יהוה nie te vinde nie en sal Hy nie hoor nie! Ons "soektog" moet nou begin en daagliks voortduur. Wat moet ons soek?
 - Ons soek die Woorde wat יהוה gespreek het, naamlik Sy onpartydige opregtheid, sodat ons dit kan doen (Matt. 6:33).
 - Ons soek om יהוה en Yeshua te ken en die Vaderhart te verstaan, want dit is die ewige lewe (Joh. 17:3).

- Ons soek יהוה, want ons weet dat Hy dié wat Hom soek nie in die steek laat nie (Ps. 9:11).
- Ons soek יהוה sodat ons al die dae van ons lewe in Sy huis kan bly (Ps. 27:4).

Onthou die belofte in Jer. 29:13 en Matt. 7:7-8.

2. Kan die mens se geestelike verval sodanig wees dat יהוה nie meer te vinde is nie wanneer daar na Hom gesoek en geroep word? Verwys Jes. 59:2 en Sag. 7:12-13 en Heb. 10:26-29.
3. Die tien gebooie is יהוה se “kontrole lys” en is die tien beginsels waarop die hele Torah (die wet) berus. Indien jy een gebod verwerp, is jy ongehoorsaam en verwerp jy in werklikheid al tien, want die tien gebooie is deel van die Karakter en Outoriteit van יהוה – deel van Sy wese. Om enige gebod te verwerp, is om יהוה te verwerp en dan dien jy nie יהוה nie, maar wel ‘n afgod. Verwys Jak. 2:10.

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.